

22 Junie - JUBEL

Skrifgedeelte: Psalm 84 (NAV)

Fokusgedeelte: Psalm 84:3

Is daar nog werklik 'n hunkering by ons om in die teenwoordigheid van God te wees, of het dit vir ons 'n blote gewoonte geword? Smag ons daarna om na die eredienste op te trek? Wil ons nog met alles wat ons is, jubel en juig oor die lewende God? Of moet ons eers oud, siek of vervolgd word voordat ons daarna sal smag om as gelowiges saam te kom in die teenwoordigheid van die Here?

Die psalmdigter was 'n Koragiet en mag daarom nie in die tempel self gekom het nie. Hy mag hoogstens 'n drumpelwagter wees, maar selfs dit was vir hom beter as 'n duisend jaar daarbuite. Daar op die drumpel van die tempel bars hy dan in volle emosie uit. Hy wil met alles wat hy is, jubel en juig.

Maar dan kom weer die onbeskryflike verlange. Hierdie kind van Korag kan nie by die heilige tempel ingaan nie! Hy kan tot by die ingang gaan, maar nie verder nie. Daar is afskortings wat hom keer; tempelgordyne. Sou hy ooit kon ingaan? Ja, maar die afskortings, gordyne, moes eers skeur.

As Jesus Christus sterf, skeur die tempelgordyn van bo tot onder middeldeer. Nou is daar nie meer 'n hindernis nie, maar 'n uitnodiging: Kom, almal wat buite staan! Kom, kinders van Korag, kom, almal wat smag na die lewende God! Julle het nou vrye toegang tot God, omdat Jesus Christus julle weer met God versoen het.

Ons sou almal moes buite staan vanweë ons sonde, maar deur die soenverdienste van Christus mag ons nou die teenwoordigheid van God betree.

Kom ons jubel en juig met alles wat ons is oor hierdie wonderlike voorreg. Kom ons smag na die lewende God se teenwoordigheid; vandag en al die dae daarna.

Sing: Psalm 84:1 (1936-beryming)

Ds LP van Jaarsveld (Brakpan-Suid)